



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Alain kla oor 'n #@\$& onnodige hamer

Hoofstuk Een. Deel xviii

Omdat dit as so lank gelede was dat ons oor die Drakensberge gestap het, het ek weer by Alain gaan kers opsteek sodat ek darem so naby aan die waarheid as moontlik kan bly met waar ons wanneer was en om sommer ook so bietjie sy perspektief te kry oor ons epiiese staptog.

Ek haal hom aan : *"By die grot aangekom wou Mike en toe later Esther nie oor die styl krans afklim tot in die Ledgergrot nie en dit kos my toe om saam met die twee hoogtevrees-bevange individue in 'n tent op die rand te slaap.*

"Julle was happy en snoesig onder in die grot. Dis was nog alles wel, maar toe Mike 'n moerse rubberhamer uithaal om tentpenne mee in te slaan, het ek dit heeltemal verloor. Helse ekstra gewig in die rugsak wat ek moes help dra en dit om penne mee in te slaan! In 'n berg waar daar in elk geval genoeg klippe rondlê wat as hamer kan dien.

"Tot vandag toe bevraagteken ek nog daardie jong man se ingenieurs logika, maar ek bewonder hom dat hy nooit gekla het nie. Ek wil glo dat ek die hamer oor die rant gesmyt het, maar dit sal nie waar wees nie. Vandag, as dit weer moet gebeur, sal ek dit wragtig doen."

Die stap vanaf Ledgers na die Mlabonje-pas se bokant was op 'n lekker mooi dag. Ons het vroegmiddag kamp opgeslaan naby die rivier op mooi kort gras en in een tent gelê en gesels. Mike deel kaas en 'n groot vet salami onder ons uit. Ons spoel dit met slangbytserum af. Dit was vrek koud ten spyte van die sonskyn. So elke dan en wan het daar ook mis van die Suid-Afrikaanse kant oor die eskarp gewaai.

Alain moes nog die paadjie van die bopunt van die Mlabonje-pas gaan soek. Gelukkig vir ons was hy in die kol, ondanks die mis. Met die son se sak het die mis toe ook sommer erg dik en donker op ons neergesak.

Dit het ons nie juis gepla nie, want ons was toe al goed gedokter met heelwat slangbytserum. Later, in ons eie tentjie, warm agter die witbrode ingewikkel, het ek skaars die graspolle onder die tentvloer gevoel.

Tentmaatjie se maag begin gor soos 'n tier

Laat in die nag word ek gaandeweg bewus van 'n onderaardse gegrom in die tent. Dadelik was ek wawyd wakker. Dit grom dan sommer hier binne in die slaapsak! Ek wil nog soos 'n koperkapel daar tussen die velle uitpeul, toe ek besef dis Tentmaatjie se maag wat vir ons grom.

Sy word ook met 'n ekstra kreun wakker. Dis 'n hengse pyn op die maag wat haar buite toe jaag. Nie eens kans om skoene of toortsie te gryp nie. Nou kyk, mense wat vir Annabelle ken, sal weet wat beteken dit vir haar om sonder skoene in die openbaar te verskyn. Maak nie saak waar in die wêreld of waar in die berge dit is nie. Die nood was dus uiters groot .

Om dinge nog moeiliker te maak, is dit baie stil buite en enige klank trek ver. Sy probeer dus in die digte mis en die diep donker nag, so ver moontlik van ons groepie se tente af wegkom. En dit nog kaalvoet ook. Soos goed ingeburger in alle stappers, soek sy 'n plekkie wat baie klippe het. Na 'n hele rukkie hoor ek in die donkerte: "Piet -my-vrou, Piet-my- vrou." Dis ons fluit vir mekaar as ons na mekaar soek. **(Word vervolg)**

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Ons volksliedjies

Vanaand gaan die volkies koring sny

Hoekom in die aand, terwyl die dag soveel beter (en dikwels ook warmer) is? En hoekom hang die geliefde so ongemaklik aan 'n bitterbessiebos?

Lank gelede is dit op 'n radioprogram só uitgelê:

Toentertyd, voor meganisasie, toe daar nog met sekels in die Wes-Kaap koring gesny is, het die werkers (toe volkies genoem) elkeen 'n vak gekry om in oestyd af te sny.

Om die koring betyds van die lande af te kry, is daar soms saans koring gesny by die lig van lanterns op lang stokke wat in die grond gesteek is.

Om die volkies aan te moedig om nie te laat slap lê nie en klaar te maak voordat dit dou, is 'n bottel vuurwater op die oorkantse punt van die koringland aan 'n bitterbessiebos gehang. Die eerste een wie se vak klaar gesny is, kon dié bottel kry.

Terwyl die volkies gesny het, het hulle spontaan gesing, en ook hulle eie liedjies gemaak. Toe die groot dors hulle naderhand vat, begin hulle die bottel vuurwater, wat daar aan die einde van die land aan 'n bitterbessiebos wag, "my geliefde" noem.

Die herkoms van gesegdes (42)

Spek: Met spek skiet (onwaarhede vertel) Volgens oorlewering het 'n beleërde burg se inwoners die vyand probeer wysmaak dat hulle genoeg kos het om die beleg onbepaald te weerstaan.

Toe hulle gewone ammunisie opgeraak het, het hulle spekboude na die vyand geslinger om die punt te maak.

Op hierdie manier het hulle dus die waarheid verdraai.

'n Ander teorie maak nie regtig sin nie, naamlik dat in 'n seegeveg kanonkoeëls met brandende spek na die vyand geskiet is wat sy skepe aan die brand sou laat slaan.

Staanspoor: Uit die staanspoor uit; van die staanspoor af (van die begin af) Letterlik vanwaar die rytuig gestaan het voordat dit begin beweeg het – die spoor waar dit gestaan het.

Steek: Nie 'n steek doen nie (geen werk verrig nie)

In hierdie verband het steek te make met naaldwerk – daar is ook 'n ooreenstemmende Franse idioom, ne pas faire un point d'aiguille: letterlik "nie 'n naaldsteek doen nie".

Limeriek

Daar was 'n jong nooi van Benoni
wat haar oë een dag nie kon gloni.
Sy het altyd gedog sy's gebou om te spog -
en toe bly haar bikini nie boni!

Ons dorpe



AGGENYS

Aggeneys is 'n klein myndorpie wat in 1976 gestig is. Die dorp is tussen Pofadder en Springbok geleë. Die N14 nasionale pad gaan naby die dorp verby.

Die dorp was altyd klein totdat ryk neerslae van lood, sink, koper en silwer ontdek is.

Dit gelei tot mynboubedrywighe op 'n groot skaal. Sommige van die produkte word via Saldanhabaai uitgevoer.

Die naam van die dorp is van Khoikhoi-oorsprong. Die betekenis is onseker; dit kan 'n paar dinge beteken - 'plek van slagting', 'plek van bloed', 'plek van water' of 'bergagtige gebied'.

HANEPOOT

Waar kry die druif en wyn sy naam?

Toe die eerste soetwyn by Constantia gemaak is, is 'n bottel aan die destydse (Britse) goewerneur gegee as geskenk.

Hy het die eerste mondvoll geproe en uitgeroep: "Oh, what a honey pot!"

Dit het etimologies "hane-poot" geword want die boere wat dit gemaak het, was nie Engelssprekend nie.

Duskantlander in Anderkantland

Afrika hoor net tjieng-tjieng...

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Ghana se toerisme ouens slaap oopoo. As hulle die negentig dae fooi vir 'n besoekersvisum van R 1 539 heeltemal afskaf, sou hulle munt slaan uit toeriste se dikker beursies. Daars Engele-toerisme rondom ons: 'vrywilligers'. Hulle betaal groot geld om in die stokkies te woon, skool te gee, klinieke te bou, weeshuiskinderties te versorg en dies meer. Hierdie onself-sugtige siellediens, laat mens baie wonder oor wat nou eintlik mý bydrae is.

Wanneer laas was jy in 'n propperste dobbelhuis – waar die klokkies malkop lui en die boerpot se draaiwiel rits soos 'n strooitjie in 'n fiets se wielspeke? Hm, die geklingel van geld.

My punt is: As die boorlinge hierso in Wes-Afrika 'n ekspat of vrywilliger teëkom, is dit ál wat hulle hoor. Ons staan stokdoof met breë glimlagte slaggewrig en handskud met oop beursies.

Partykeer – as jy jousef soos 'n toffie wil gedra, moet jy maar net gekou word.

As bevoorregte ekspats gaan ons aanbied sonder om vooraf geld te gee. Anderkant Ho is 'n nuwe kliniek wat 'n dak moet kry, en ek gaan soos 'n grootoog vrywilliger die projek bekyk. 'n Mens moet wawyd wakker wees om nie sommer net jou erfposie aan 'n projek te sedeer nie. Net eers kyk-en-besin. Sommetjies maak en plan maak. Wakker en oopoo, Boeta!

Verlede week foeter ek diep stokkies toe, vier ure se slegpad - rigting boendes toe vanuit Akkra, Ghana. Die stofdorpie Ho is maar honderd-en-sestig kilometer van waar ons woon.

'n Los geldjie in die palm hou die vrot lorries met hulle houtbakke nog op die pad. Na 'n uur se ry moet ons 'n pont gebruik om die Voltarivier te kruis.

Met agt-en-twintig rand minder in my beursie, anderkant die tolhek, wag ons tien minute in die skadu van 'n vervalde kloktoring vir die pont se oplaai.

Diegenr met pênsvelle van klip waag dit om ietsie te ete te koop terwyl ons die rivier kruis. Als word gevang, toegegooi in rissies en op 'n stokkie ingeryg en dan kom so 'n dikblink ouvel-aantie die goeters aan jou smous vanuit 'n blikskottel wat sy op haar kop balanseer. Mense wemel warm en taai om ons, skud munte so tjieng-tjieng in die hand. Almal wil net 'n ietsie smous aan die vreemdes. Ons is mos dik innie dollars!

Ho lyk soos 'n miernes wat iemand met 'n stokkie oopgekrap het. Geen straatname, duisende bont mense, 'n woelige mark, ou oorlaaide mouters in lang geduldige rye, almal toet en stoot geduldig.

'n Verskeidenheid goeters word voor ons vensters geswaai, KOOP tog net – koop-koop se bek hang oop! Nog dieper bos-in en uiteindellik kyk en meet ons die kliniek. Ons teken als op sodat ons later kan beplan en besluit of ons kan bylas en help.

Ons word hartlik deur 'n bondel van vyf hoofmanne van ander nabygeleë stofdorpies ontmoet. Eenkant onder die bome glimlag die hoofmanne en oudstes van die stofdorpies en oorkant hulle sit ons bleek klomp ekspats mekaar en bekyk.

Beide partye praat deur 'n tolk. Almal swaai arms en glimlag en knik. Die linguis sit heel voor: statig. Die hoofmanne agter hom, mees geagte het bollegoud in sy sandale. Agterste ry is die oudste wyse manne. Ons skenk hulle twee bottels 40% Engelse Saffire jenever en in ruil kry ons elkeen 'n plastiek botteltjie grondbone.

Die jenever lê sommer net so in die stof by die linguis se voete.

Ons word seremonieël 'gebind' tot die betrokke gemeenskap met 'n meeltou-en-kleikraal om die gewrig, maar ek konsentreer op niks nie. Als is droomagtig vreemd, die jenever in die stof lei my aandag af. Iewers in my agterkop hoor ek net tjieng-tjieng; hulle sien net dollartekens.

WAARSKUWING OP DRANKBOTTEL

Die gebruik van alkohol kan jou oortuig dat jy kan sing.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Dit kry jy nou van lieg

Hy het vir sy vrou vertel hy is op daai vlug van Malaysia Air. Nou het die vliegtuig verdwyn, hy sit by sy skelmpie en kan nie teruggaan nie want daar is geen oorlewendes nie.



HARDE LANDING

Ná 'n harde landing staan die eerste beampte by die uitgang van die vliegtuig volgens lugrederybeleid om so vriendelik as moontlik vir die passasiers tot siens te sê.

Uiteindelik is almal uit behalwe vir 'n ou dame wat met 'n kiere loop.

Sy sê: "Meneer, mag ek een vraag vra?"

Vriendelik sê die vlieënier. "En dit is?"

Die ou dame sê:

"Het ons geland, of is ons afgeskiet?"

OPSKRIFTE IN KOERANTE

♦ Werkers breek mausoleum af, vind doodskiste

♦ Seun, 8, red suster se lewe. 'Ek sal dit nie weer doen nie. Sy was hierdie week 'n pyn.'

♦ Stadsraad onseker waarom riool stink (Klink na Suid-Afrika)

♦ Reën grootste oorsaak van vloede

♦ Wonderkuur dood vyfde pasiënt

♦ Hond red eienaar se lewe nadat kat brand begin

♦ Vliegtuie gedwing om op lughawens te land (Die paaie was seker te besig?)

♦ Vrou val in hospitaal, word aangesê om ambulans te bel

'n Moordenaar sal jou doodmaak.

'n Dief sal jou besteel.

Maar jy weet nooit waar jy aan of af is met 'n leuenaar nie.

DIE MAN EN DIE VROU

Die liewe Vader het die man geskepe, hom aangekyk en gesê:

"PERFEK!"

Toe skep hy die vrou, kyk aandagtig na haar, en sê:

"Dié een sal maar grimering moet dra . . ."

Ons het begin verlang na die getrippel van klein voetjies. Toe koop ons 'n hond. Wel, dis goedkoper, en jy kry meer voete.

PEANUTS



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Mans is diep denkers



Nadat ek vandag die gras gesny het, het ek 'n koue bier gedrink. Dit was regtig 'n mooi dag en die bier het my diep laat dink.

My vrou het verbygestap en gevra wat ek doen.

"Niks, Liefie," het ek geantwoord.

Die rede hoekom ek nie net gesê het ek sit en dink nie, is omdat sy dan sou gevra het: "Waarom dink jy?" Ek sou dan moes verduidelik dat mans diep denkers oor baie dinge is, wat tot nog vroe sou gelei het.

Ek het toe gedink aan die ou-ou vraag: "Is dit seerder om geboor-te te gee as om tussen die bene geskop te word?"

Vroue sê altyd dis baie seerder.

Wel, ná nog 'n bier en diep, ontledende denke het ek die antwoord op die vraag gekry.

Om tussen die bene geskop te word, is baie seerder as kindergeboorte. En hier is die rede vir my gevolgtrekking:

'n Jaar ná 'n geboorte, sê vroue dikwels dis tyd vir nog 'n baba.

Ek het nog nooit gehoor 'n man sê:

"Ek dink ek wil nog 'n skop tussen die bene hê nie."

Ek sal daarmee volstaan.

Tyd vir nog 'n bier!

Juffrou dink dare mooi saam

Juffrou vra: "Klas, wat is die hoogste berg oop aarde?"

Die ander steek nog hand op, maar Gatiepie antwoord sommer:

"Tafelberg, Juffrou."

Juffrou sê: "Nee, Gatiepie, dis verkeerd, maar dis gaaf dat jy so mooi saam dink."

Juffrou vra weer: "Klas, watter rivier is die langste in die wêreld? Weer bodder Gatiepie nie met hand opsteek nie, en roep uit:

"Die Bergrivier, Juffrou!"

Weer is die Juffrou gedwing om te sê hy is verkeerd, "maar dis gaaf dat jy so mooi saam dink."

Gatiepie is boos vir die juffrou en wil haar terugkry. Skielik staan hy op en druk sy hande in sy broeksakke.

"En nou, Gatiepie?" vra die Juffrou verbaas.

"Juffrou, ek het 'n vraag: Wat is so hard soos hout, het 'n kop en as jy hom trek, bring dit verligting?"

Die Juffrou bloos en sê:

"Sies Gatiepie, jy kan mos nie so iets vra nie!"

Gatiepie sê: "Juffrou ek praat van 'n vuurhoutjie, maar dis gaaf dat Juffrou so mooi saam dink!"

Regter se limeriek

Op 'n dag is 'n man in die hof skuldig bevind. Hy beweer hy toe dat die oorspronklike wetsartikel ter sprake is in Engels deur die president onderteken en die argumente in die hof was in Afrikaans. En mens kan nie alles van een taal na die ander vertaal sonder om betekenis in te boet nie.

Die beskuldigde daag die regter toe uit om die volgende limeriek in Afrikaans vertaal as hy kan:

There was a young lady from Cod
who thought babies came from God.

But it wasn't the Almighty
that lifted her nighty
but Rodger, the lodger, the sod.

Die regter se vertaling:

Daar was 'n jonge nooi Nel
wat dag babas kom op Hoër bevel
maar dit was nie die Almag
wat haar laat verwag
maar Van Tonder, die donder, die hel.

DIE PERFЕКTE MENS

Rook nie
 Drink nie
 Vloek nie
 Maak nie foute nie
 Huil nie
 Lieg nooit
EN BESTAAN NIE



Ek mis my
 tienerjare.
 Toe ek nog
 jonk, sorgvry
 en spontaan
 was.

En alles
 gewet het.

Die voordele van ouer as 70 wees

1. Kapers stel nie meer in jou belang nie.
2. In 'n gyselaar situasie word jy eerste vrygelaat.
3. Mense bel jou negeur saans en vra:
 "Het ek jou wakker gemaak?"
4. Mense sien jou nie meer as swarmoedig aan nie.
5. Daar bly niks oor wat jy op die moeilike manier moet leer nie.
6. Klere en skoene wat jy koop hou baie langer.
7. Jy kan sonder seks leef, maar nie sonder jou bril nie.
8. Dis vir jou lekker om van ander se operasies te hoor.
9. Jy kan 'n partytjie hou en die bure weet nie eers nie.
10. Spoedbeperkings is nie meer 'n uitdaging nie.
11. Jy trek nie meer jou maag in nie, maak nie saak wie by die kamer inloop nie.
12. Jy begin uiteindelik voordeel trek uit jou mediese skema.
13. Jou knieë is 'n beter weervoorspeller as die weerburo.
14. Jou geheime is veilig by jou vriende want hulle onthou dit ook nie meer nie.
15. Jou hoeveelheid breinselle is uiteindelik op 'n beheerbare vlak.

En jy kan glad nie onthou waar jy hierdie geles het nie.

GEDWING OM TE SKEI

Berig: Aftab Ansari, wat in 'n dorp in die ooste van Indië woon, het die woord 'talaq' (egskeiding) drie keer geuiter terwyl hy slaap. Onder die Islamitiese wet is die uitering van die woord drie keer genoeg om 'n egskeiding te kry. Dus, ten spyte van die man se ontkenning dat hy sy vrou wil verlaat, het die godsdienstige owerhede besluit dat hy 100 dae geskei moet wees.

GOEIE DOMINEE

Die gemeente neem afskeid van hulle predikant. "Hy was wonderlik," sê een van die vrouens. "Totdat HY gekom het, het ek nie 'n idee gehad wat sonde is nie."

**Ek hou van varke. Honde kyk op na ons.
 Katte kyk af na ons.
 Varke behandel ons as gelykes.**

Stamboom

Help ons familiesoekers

COMBRINCK vnriekie@yahoo.com

My oupa was Hendrik Belsasar Louis Combrinck. (nie seker oor die spelling van Belsasar). Gebore 18/01/1903 oorlede 09/08/1969. Ek stel belang in die stamboom en die familie wapen. Ek weet my oupa het op die delwerie by Lichtenburg gewerk en later by die Spoorweg in Mafikeng en Vryburg. Baie dankie.

HAUPTFLEISCH sclaassen@nhcld.com

Inigting wat ek het, ongelukkig baie vaag en al wat ek weet is dat hy blykbaar 'n skeepsdokter was?

JACOBS lkoyd@hotmail.com

Ek is Elena Gertruida Koyd, nooiensvan Jacobs 28.1.48.gebore te Pta. My pa: David Hermanus Stephanus Jacobs, 1906-1964 getroud met Susara Margaretha Faber 1912-2002. Het in Rustenburg gewoon en albei my ouers gebore te Pta. Oupa: David Johannes Stephanus Jacobs 1874-1918 getroud met Elena Gertruida Bezuidenhout 1883-1959. Albei, het in Pta gewoon. Na die afsterwe van my oupa Jacobs met die 1918 griep, was my ouma weer getroud met Adriaan Johannes Lamprecht 1874-1964. Gewoon in Pta. Sou graag meer info wil bekom oor my Oupa Jacobs se voorouers. Het name opgespoor met familie naam David Johannes Stephanus Meijer 1855-1923 Begraafplaas - dutch cemetrie. gebore Jan 1855-23 May 1923 Netherlands Vrou: Anna Catharina Commandeur, was dalk 'n neef van my oupa.

MAASDORP evedme123@hotmail.com

: Frans Maasdorp getroud met Katriena Mienies (Minnies), kinders Willem, Frans, Hermanus, Booi, Lena, Sina Carolina, Christina. My oumagrootjie is Gertruida Visagie haar pa se naam was Korporaal Karel Daries en (ma) Vytjie (Sophia) van Wyk huLEI het almal hier in Upington gewoon

REED alan@truewan.co.za

My oupa Johannes Danie Lodiwicus Botha, (noemnaam Daantjie) gebore 1885 sterf 1962? Getroud met Magdalena Eugenia Botha (Erasmus), gebore 1888 sterf 1941. Wie was hulle ouers? maw my oupagrootjie en my groot oupa grootjie was Kommedant JDL Botha Marico distrik geb 1837.

ROUSSEAU gawierousseau@hotmail.com

Nasate van die Rousseau's van Langlaagte. Help asb. Stamouers was Frans Prins Rousseau, en Frans Eduard Rousseau.

VAN EEDEN globonpd@mweb.co.za

Barend Jacobus Snyman van Eeden 08/08/1915 gebore te Morgenzon en sterwe te Brakpan

VAN NIEKERK vnriekie@yahoo.com

Ek het nie regtig veel inligting van my man se familie nie. Sy oupa was Albertus Johannes, en hy het op 'n plaas in die Vryburg distrik geboer.

OP DIE IERSE LUGHAWE

Ek was op 'n lughawe in Ierland besig om in te bespreek toe 'n amptenaar van die lughawe my vra of ek weet of iemand dalk iets in my bagasie versteek het. Ek sê toe as iemand dit sonder my medewete gedoen het, sal ek dit mos nie weet nie.

Die amptenaar het geglimlag en sy kop geknik.

"Presies," het hy geantwoord. "Dis hoekom ons die vraag vra."

EINDE VAN DIE GEVEG

Jan stap by die kroeg in en vra die kroegman om vir hom 'n stywe enetjie te skink, want hy het so pas weer met sy vrou baklei.

"O ja?" sê die kroegman. "En hoe het hierdie een geëindig?"

Jan: "Ag, toe dit verby was, het sy op haar hande en voete na my toe gekruip."

Kroegman: "Regtig? En wat sê sy toe vir jou?"

Jan: "Kom onder die bed uit, jou mislike klein lafaard!"

EERSTE PRYS

Die kollegeklas moes 'n kortverhaal met so min as moontlik woorde skryf met die volgende bestanddele: (1) Godsdiens (2) Seksualiteit (3) Misterie. Een student het 'n A+ vir hierdie storie gekry:

Hoe slaggate in SA herstel word (wanneer dit wel gedoen word)



Personeel-
bestuurder

Bemerkings-
bestuurder

Logistieke
bestuurder

Tegnologie-
bestuurder

IT-bestuur

Projek-
bestuurder

Sake-
analisis

Veiligheid &
gesondheid

Openbare
betrek.

Produksie-
bestuurder

Werker van
Zimbabwe

Dr. Brian se dilemma

Dr. Brian het by een van sy pasiënte geslaap en heeldag lank skuldig gevoel.

Hoe hard hy ook al probeer het, kon hy dit net nie uit sy gedagtes kry nie.

Maar elke nou en dan hoor hy 'n gerusstellende stemmetjie in sy kop wat sê:

"Ag Brian, jy is nie die eerste dokter wat met 'n pasiënt slaap nie en jy sal ook nie die laaste wees nie. En jy is nie getroud nie – vergeet dit net."

Maar dan val 'n ander stemmetjie die eerste een die rede en fluister:

"Brian . . . Brian . . . Brian, jy is 'n veearts . . ."

Hoe was jy 'n T-hemp?

My huiswerk-gestremde man het eendag besluit om sy T-hemp te was.

Hy was skaars by die wasmasjien toe hy skree om te hoor wat die verstelling moet wees.

"Dit hang af," skree ek terug. "Wat staan op die hemp?"

"Dallas Cowboys!" skree hy terug.

En dan skinder hulle van blondines . .

Geldgesprek

Die 50c-munt en die R200-noot raak aan die gesels.

50c: "Jis Tjomma, wat het van jou geword? Ek het jou lanklaas gesien!"

R200: "Ag jong, ek was maar besig soos altyd. Was bietjie Mosambiek toe, was by 'n paar rugbywedstryde, was laas week by die skou in Windhoek, môre sal ek waarskynlik Mall toe gaan en dalk Teazers toe. Jy weet, daai soort goed. Maar hoe's dinge met jou? Wat maak jy alles?"

50c: "Aag, Boeta, jy weet mos. Altyd dieselfde - dis net kerk, kerk, kerk!"

Die sensitiewe Australiërs

Drie Aussies, Mongrel, Coot and Bluey, werk in die veraf platteland op 'n selffontoring. Terwyl hulle afklim, glip Coot se voet en hy val hom dood.

Nou moet hulle besluit hoe om die nuus aan sy vrou oor te dra.

"Oukei," sê Mongrel, "ek is goed met die sensitiewe goed in die lewe. Ek sal haar gaan vertel."

Twee uur later keer hy terug met 'n kis bier.

"Waar kry jy die bier, Mongrel?" vra Bluey.

"By Coot se vrou," antwoord hy.

"Dis ongelooflik!" roep Bluey uit. Jy vertel aan die vrou haar man is dood en sy gee jou 'n kis bier?!"

"Wel, dit het nie heeltemal so gewerk nie," antwoord Mongrel.

"Toe sy die deur antwoord, sê ek vir haar sy moet Coot se weduwee wees. Sy sê toe nee, ek maak seker 'n fout, sy is nie 'n weduwee nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Hierdie ou het nie sommer net agter die woorde en die wysie aan gesing nie. Hierdie ou kyk na die wêreld rondom hom en maak musiek daarvan.

Deur DANA SNYMAN

Dit was iewers 1979. Dit onthou ek. Ek en my pa en my ma was op pad Volskrust toe, na my oupa Willie en ouma Grieta toe. Ek weet nie oor watter radiostasie dit was nie, dalk die ou Radio Hoëveld, maar anderkant Standerton het 'n motorfiets opeens oor ons Valiant se luidsprekers gerev. En toe is daar 'n kitaar. En toe sing Anton Goosen: "Huismoles in sy fles, een, twee, drie, safe, vyf, ses. Boy van die suburbs gaan kuier vanaand."

My pa het die radio sagter gedraai, en gebrom: "Die man maak 'n bespotting van die Afrikaner." Ek was veertien jaar oud – 'n onskuldige 14. Bob Dylan was vir my net 'n naam in die musiekressensies wat Kerneels Breytenbach in *Huisgenoot* geskryf het. Party ouens wat saam met my op skool was, het Uriah Heep en AC/DZ se name op hul skooltasse se binnekant met blou penne geskryf.

Ek was nie een van hulle nie. Ek het na Pussycat en The Four Jacks and a Jill geluister. Toe koop ek my eerste Anton-plaat: Boy van die Suburbs. Hierdie ou het nie sommer net agter die woorde en die wysie aan gesing nie, het iets in my besef. Hierdie ou kyk na die wêreld rondom hom en maak musiek daarvan.

Dit was vir my 'n soort sekulêre bekering. Ek het 'n Goosen-fan geword, en toe kom Dylan, Neil Young, Cohen en die ander.

Ek het nie die eerste keer met Breyten Breytenbach se gedigte in die Afrikaans-klas op skool kennis gemaak nie. Anton het Breyten aan my voorgestel. Met die song Om te Breyten op die LP Jors troelie. Oor en oor het daardie woorde in my kop gedraai:

"My wintervrou is 'n klein-klein voëltjie, tjie-tjie, tjetjie, tjie-tjie". En dit was mooi en dit was goed.

Ek het ook nie Nkosi Sikelel' iAfrika die eerste keer op 'n politieke rally gehoor nie. Ek het dit in 1980 in my vriend Stoffel se Datsun 1200 GX op pad na Loftus die eerste keer gehoor. Stoffel het 'n tape van Anton se Liedjieboer gehad en daarop is Nkosi 'n refrein in een van die songs.

Later het ek in Pretoria by Anton se gigs begin uithang. In die ou Up The Creek. In Café Barcelona en Steak 'n Ale waar Anton en Albert Frost en Schalk Joubert een aand so op die maat van Harlekyn gejam het dat die geeste van Jimmy Hendrix en oom Silwer de Lange bokant ons koppe kom sweef het.

Bepaalde songs word deel van 'n mens: elkeen roep sy eie herinneringe op. Baie van Anton s'n sit in my kop vasgevang - en elkeen dra herinneringe saam van voëltjie-tjie-tjies, en lang dae op die langpad in die bakkie, en lonesome aande met "Brief vir Simone" op die hifi.

Ek sien jy verjaar vandag, Anton. Baie geluk. Mag jou vingers nog lank vol woorde bly, jou kitaar vol wysies, en jou groen-en-geel velskoene vol lang treë. Baie dankie vir jou songs. Jy het my van Pussycat and The Four Jacks and a Jill gered.

♦Anton Goosen, Liedjieboer, het onlangs 69 geword.

KAMMANUUS
 verskyn weer op 23 Maart 2015